PAUL ROOS
GIMNASIUM – GYMNASIUM

GEDRAGSKODE

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

INHOUD

VOORWOORD 3

1. DEEL EEN – INLEIDING 3

1. DEFINISIES 4
2. FILOSOFIE 5
3. AGTERGROND 5
4. HERSIENING VAN DIE GEDRAGSKODE 5
5. WYSIGING 6
6. INTERPRETASIE 6
7. LEERDER TOEREKENBAARHEID 6
8. KODE VAN REGTE EN PLIGTE 6

2. DEEL TWEE – Erekode 6

3. DEEL DRIE – ALGEMENE GEDRAG 7

4. DEEL VIER – SKOOLREËLS 8

1. ALGEMENE REËLS 8
2. KLASREËLS 10
3. REËLS TEN OPSIGTE VAN SKOOLDRAG EN VOORKOMS 10
4. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE 13
5. SKOOLEIENDOM 15
6. PERSOONLIKE BESITTINGS EN WAARDEVOLLE ITEMS 15
7. DIE VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS, PAUL ROOS SE DISSIPLINÊRE RAAD EN DIE LEERLINGRAAD 16
8. SKOOLKENNISGEWINGS 16
9. SKOOLWERK en HUISWERK 17
10. TOETSE, EKSAMENS EN FORMELE ASSESSERINGS 17
11. SKOOLRAPPORTE 18
12. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE 18
13. KOSHUISREËLS 18
14. STIPTELIKHEID 19
15. AFWESIGHEID VAN SKOOL 19
16. OMGEWING 19
17. SELFONE/ELEKTRONIESE TOESTELLE, SOSIALE MEDIA EN SOSIALE NETWERKGEBRUIK 20
18. BOELIEGEDRAG 20
19. DWELMS 20
20. SPORTBELEID 21

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

21. BELEID TEN OPSIGTE VAN PLAGIAAT 21
5. DEEL VYF – VRYSTELLING VAN VOORWAARDES VAN DIE GEDRAGSKODE 21
6. DEEL SES – DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING 22
7. DEEL SEWE – KRINGTELEVIESEBELEID 22
5 DEEL AGT – WANGEDRAG 25

VOORWOORD

GEGEWE DAT die Staat daartoe verbind is om opvoeding beskikbaar te stel en toeganklik te maak, moet hierdie verpligting aangevul word deur die verbintenis tot en aanvaarding van verantwoordelikheid deur die ander vennote in die opvoedingsproses, naamlik onder andere leerders, opvoeders en ouers; en

GEGEWE DAT die skool aanspraak maak op ’n kultuur van versoening, onderrig, leer en wedersydse respek én op die vestiging van ’n kultuur van vrede en verdraagsaamheid; en

GEGEWE DAT die skool daarna streef om ’n opvoeding van toenemend hoë gehalte aan alle leerders te verskaf, om sodoende ’n stewige grondslag te lê vir die ontwikkeling van leerders se talente en vermoëns; om die demokratiese transformasie van die gemeenskap te bevorder; om rassisme en seksisme en alle ander vorms van onregverdige diskriminasie te beveg en om die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te bekragtig; en

GEGEWE DAT dit nodig is om uniforme norme en standaarde vir leerders aan skole te stel[1];

DAAROM aanvaar die Beheerliggaam die Gedragskode vir leerders van die skool en berus daarby, onderhewig aan die terme en voorwaardes soos hieronder uiteengesit.

1. DEEL EEN – INLEIDING

Die Gedragskode vir Paul Roos Gimnasium is gebaseer op trots, wedersydse respek en *gentlemanship*.

Die doel van die Gedragskode is om leerders in te lig ten opsigte van die manier waarop hulle by die skool moet optree as voorbereiding vir hulle toepaslike optrede en veiligheid binne ’n beskaafde gemeenskap; om die standaard vir morele gedrag te stel; om leerders toe te rus met die bevoegdheid, kennis en vaardighede wat van hulle as verantwoordelike landsburgers verwag sou word; om die burgerlike verantwoordelikhede van die skool te bevorder; om leierskap te ontwikkel en om positiewe dissipline voor te staan wat nie altyd vergeldend of bestraffend is nie, maar ook op opbouende leer gerig is.

Die doel van die Gedragskode is om positiewe dissipline, selfdissipline en uitnemende optrede te bevorder, aangesien leerders deur waarneming en ervaring leer. Alle belanghebbendes het

[1] Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

'n verpligting teenoor die Gedragskode, ten spyte daarvan dat dit spesifiek op die leerders van die skool gerig is[2].

Die Gedragskode en Dissiplinêre Prosedure word nie beskou as omslagtige riglyne vir die gedragsvoorskrifte/reëls waaraan 'n leerder na verwagting moet voldoen nie; nóg word dit beskou as 'n prosedure om ten opsigte van alle dissipline-verwante kwessies te volg. Dit is eerder daarop gemik om te wys op fundamentele waardes en beginsels waarvolgens daar van leerders verwag word om hulle te gedra, en ook om 'n raamwerk te verskaf waarbinne korrektiewe handeling/optrede en dissipline doeltreffend deur die skool toegepas kan word. Die Gedragskode word aangevul en ondersteun deur die reëls en die beleidsdokumente van die skool, sowel as deur die Skolewet en die regulasies wat daarvolgens bekend gemaak word.

1. DEFINISIES

In hierdie Gedragskode, tensy die konteks andersins aandui, dra die volgende woorde hierdie betekenisse:

"beheerliggaam"	beteken 'n beheerliggaam van die skool, na behore ooreenkomstig die Skolewet verkies en saamgestel
"kode van regte en pligte"	die kode van regte en pligte vir al die onderskeie belangegroepe
"*skool*"	Paul Roos Gimnasium
"*Minister*"	die Minister van Onderwys
"*departement" of "provinsiale departement"*	die Wes-Kaapse Onderwysdepartement
"*rektor*"	die dienende rektor /skoolhoof van Paul Roos Gimnasium in die tydperk waarna daar verwys word
"*opvoeder*"	enige opvoeder, insluitende die rektor en die adjunkrektore, wat van tyd tot tyd diens aan die skool lewer
"*leerder*"	enige leerder wat na behore toelating gekry het tot die skool en wat by die skool ingeskryf is

[2] Staatskoerant nr. 18900 van 15 Mei 1998

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

"*dissiplinêre komitee*"	die aangewese lede van die beheerliggaam wat benoem is om te stem en wat in ooreenstemming met die besluit van die beheerliggaam gemagtig is om dissiplinêre funksies namens die beheerliggaam te verteenwoordig en uit te voer
"*Skolewet*"	die Suid-Afrikaanse Skolewet nr. 84 van 1996
"personeel"	die rektor, adjunkrektore, opvoeders en ander personeel in diens van die skool

2. FILOSOFIE

Paul Roos Gimnasium strewe na ’n gebalanseerde dissiplinêre benadering wat ten doel het om positiewe optrede aan te moedig en om ’n veilige en opbouende skool- en werk-omgewing vir die hele skoolgemeenskap te skep. Dissiplinêre maatreëls is regverdig, billik en wettig en vereis dat die skoolgemeenskap verantwoordelik optree en aanpreeklikheid vir hulle optrede aanvaar. ’n Vorm van straf is dikwels noodwendig ’n komponent van dissipline, maar moet in ooreenstemming met reg en regverdigheid toegepas word.

3. AGTERGROND

3.1. Paul Roos Gimnasium (hierna "die skool") is ’n openbare skool soos waarna daar verwys word in Artikel 12, saamgelees met Artikel 52 van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996; hierna genoem "die Skolewet").

3.2. Die bestuur en administrasie van die skool is gevestig in sy beheerliggaam in terme van Artikel 16 van die Skolewet. Die beheerliggaam bevind hom in ’n posisie van vertroue teenoor die skool. Die professionele bestuur van die skool word onderneem deur die rektor, onder seggenskap van die hoof van die Departement Onderwys.

3.3. In terme van Artikel 8 van die Skolewet moet die beheerliggaam, onderhewig aan enige toepaslike provinsiale wet, in oorleg met die leerders, met hulle ouers en met die opvoeders by die skool ’n gedragskode vir leerders goedkeur en toepas wat daarop gemik is om ’n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig, én wat die vooruitgang en instandhouding van die gehalte van leerprosesse ten doel het.

3.4. Die beheerliggaam het oorleg gepleeg met die ouers, leerders en opvoeders van die skool ten opsigte van die inhoud van die Gedragskode, in ooreenstemming met die riglyne vir sodanige Gedragskode, soos gepubliseer deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant nr. 18900 van 15 Mei 1998.

4. HERSIENING VAN DIE GEDRAGSKODE

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

Hierdie Gedragskode kan op ’n jaarlikse basis (of soos nodig) deur die beheerliggaam hersien en/of heraanvaar word.

5. WYSIGING

Hierdie Gedragskode kan slegs gewysig word in oorleg met die opvoeders, ouers en leerders van die skool. Wysigings tree in werking sodra hulle deur die beheerliggaam goedgekeur en aanvaar is, en nadat hulle per geskrewe kennisgewing aan die opvoeders, ouers en leerders van die skool bekend gemaak is.

6. INTERPRETASIE

Enige geskil ten opsigte van die interpretasie van hierdie Gedragskode sal finaal en uitsluitlik deur middel van ’n beslissing deur die beheerliggaam opgelos word.

7. LEERDER TOEREKENBAARHEID

Elke leerder van die skool is verplig om aan hierdie Gedragskode te voldoen. ’n Afskrif van hierdie Gedragskode is aan elke leerder beskikbaar gestel, is toeganklik op die skool se webtuiste en/of op aanvraag by Kamer 14. Alle leerders het ’n vorm van aanvaarding onderteken om te bevestig dat hulle hierdie Gedragskode onderskryf, respekteer en sal gehoorsaam.

8. KODE VAN REGTE EN PLIGTE

8.1. Die Kode van Regte en Pligte van die skool moet gelees word in samehang met hierdie Gedragskode.

8.2. Die Kode van Regte en Pligte sit die onderskeie regte en verpligtinge van die belangegroepe van die skool uiteen en het ten doel om ’n klimaat van wedersydse respek, begrip en verdraagsaamheid tussen die onderskeie groepe te skep, in die belang van vreedsame verhoudinge in ’n doelgerigte en dinamiese skool.

2. DEEL TWEE – Erekode

Erekode

As ’n ware Paul Rooser verklaar ek dat ek die edele waardes en tradisies van my skool eerbiedig. Ek is trots op my skool en my voorkoms; ek respekteer andere en tree soos ’n ware *gentleman* op.

Ek eerbiedig my ouers, opvoeders en ander gesagsfigure, sodat ek in gehoorsaamheid kan groei.

Verhoudings is vir my belangrik en ek voeg waarde toe deur andere aan te moedig in die wete dat ek daagliks deel uitmaak van die Paul Roos-geskiedenis.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

Ek lewe met passie, integriteit en nederigheid. Ek verwerp passiwiteit, middelmatigheid en selfgesentreerdheid en ek aanvaar verantwoordelikheid vir my rol as kultiveerder.

Ek kies om te doen wat reg is en ek strewe na uitnemendheid op alle gebiede …
… om sodoende getrou te wees aan ons leuse, “Semper Splendidior”.

3. DEEL DRIE – ALGEMENE GEDRAG

3.1 Enige oortreding wat beskou word as ’n kriminele oortreding in terme van Suid-Afrikaanse wetgewing, sowel as enige oortreding wat beskou word as wangedrag in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, sal beskou word as ’n oortreding van hierdie Gedragskode.

3.2 Leerders mag op geen manier die skool se naam in diskrediet bring nie.

3.3 Alle betrokkenes by die skool moet persoonlike netheid handhaaf. Die persoonlike voorkoms en drag van leerders moet voldoen aan die vereistes soos deur die skoolgemeenskap uiteengesit.

3.4 Leerders moet die skool vir die volle akademiese dag bywoon en moet stiptelik wees te opsigte van elke faset van die skoollewe.

3.5 Van leerders word verwag dat hulle alle wettige opdragte van die skool se personeel gehoorsaam wat redelikerwys nodig is om uitvoering te gee aan die skool se Dissiplinêre Beleid en/of wat redelikerwys nodig is vir die behoorlike professionele bestuur van die skool.

3.6 Geen wapens, gereedskap of materiaal wat fisiese leed kan veroorsaak mag in die besit wees van leerders by die skool terwyl hulle onder die toesig van die skool is nie; ook nie terwyl leerders in skooldrag is nie, óf terwyl leerders die skool by ’n ander skool of by enige ander plek verteenwoordig nie.

.

3.7 Leerders mag nie een van die volgende in hulle besit hê, gebruik, versprei of verhandel terwyl hulle op die skoolgrond is nie; wanneer hulle in skooldrag is nie; wanneer hulle onder die toesig van die skool is of wanneer hulle die skool verteenwoordig nie:

Sigarette of enige tabakprodukte; e-sigarette of damptoestelle (*vapes)*; enige rookverwante toebehore; enige ander dwelms; sterk drank (alkohol); onwettige middels; gevaarlike voorwerpe of aanstootlike gedrukte of gedokumenteerde materiaal of afstootlike voorwerpe.

3.8 Leerders mag geen voorskrifmedikasie in hulle besit hê sonder ’n geldige voorskrif vir sodanige medikasie nie. Leerders word streng verbied om voorskrifmedikasie onder ander leerders te versprei. Voorskrifmedikasie moet en sal gebruik word slegs deur die leerder vir wie sodanige medikasie voorgeskryf is. Die skool mag ’n afskrif van die voorskrif aanvra, wat dan deur die leerder verskaf moet word.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

3.9 Skooleiendom, of die eiendom van andere, mag nie gesteel word, sonder toestemming geneem word, beskadig of geskend (gevandaliseer) word nie.

3.10 Leerders moet deelneem aan die opvoedkundige program soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys, tensy vrystelling deur die Departement toegestaan is.

3.11 Leerders mag nie seksueel of op enige ander manier, medeleerders, opvoeders of lede van die skoolgemeenskap teister, dreig, boelie (fisiek, emosioneel of per kuberruim), met hulle handgemeen raak, hulle terg of treiter of hulle ’n onreg aandoen nie – nie op enige materiële, fisiese of emosionele wyse nie.

3.12 Leerders mag nie in besit wees van enige vorm van vuurwerke in die skool se geboue of op die skoolterrein nie.

3.13 Leerders mag nie in die klaskamers, die skoolsaal of die Mediasentrum eet of drink nie. Die kou van kougom tydens enige skoolaktiwiteit word verbied. ’n Opvoeder mag ’n leerder verlof gee om water te drink indien nodig.

3.14 Daar moet streng by die selfoonbeleid gehou word.

4. DEEL VIER – SKOOLREËLS

1. ALGEMENE REËLS

1.1. Leerders sal te alle tye wanneer hulle in skooluniform is, of terwyl hulle enige item daarvan dra wat voldoende is om in die openbare oog hulle verbintenis met die skool te bevestig, óf wanneer hulle die skool verteenwoordig, hetsy onregstreeks of regstreeks, as deelnemers, ondersteuners, assistente, toeskouers of andersins, hulle weerhou van enige optrede wat die skool, sy personeel of hulle medeleerders in diskrediet kan bring. Wanneer leerders hulle verbintenis met die skool op enige van die sosialemediaplatforms aandui, hetsy regstreeks of onregstreeks, sal leerders hulle weerhou van enige optrede wat die skool, sy personeel of hulle medeleerders in diskrediet kan bring.

1.2. Daar word van leerders verwag om vertroud te raak met die Gedragskode en met die Kode van Pligte en Regte, wat deel uitmaak van die Gedragskode, en om dit as ’n lopende praktyk te onderneem wanneer leerders by die skool aansluit, en ook om hulle te weerhou van enige optrede wat die regte hierin vervat sou skend.

1.3. In hulle interaksie met die rektor, adjunkrektore, opvoeders en ander personeel van die skool, sal leerders te alle tye hoflik en eerbiedig optree en sal hulle hulle weerhou van enige handeling wat neerkom op onhoflikheid of rebelse gedrag. In hierdie verband sluit rebelsheid nie enige optrede in wat ooreenstem met die geoorloofde uitoefening van die leerder se regte, soos uiteengesit in die Kode van Regte en Pligte nie.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

1.4. Leerders word verplig om die rektor en die personeel te ondersteun in die instandhouding van orde en in die skep van ’n omgewing waarin leer en onderrig ongestoord kan plaasvind. Van leerders word veral verwag dat hulle enige redelike en legitieme opdrag van die rektor/skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Leerlingraad/Verteenwoordigende Raad van Leerders of ’n klasleier onmiddellik sal gehoorsaam en uitvoer om sodoende die doelstellings hierin vervat te bereik.

1.5. In hulle interaksie met mekaar sal leerders sover as moontlik selfbeheersing beoefen, en wedersydse respek en verdraagsaamheid teenoor mekaar betoon. Leerders sal hulle veral weerhou van enige handeling wat daarop gemik is om skade te berokken, of wat moontlik enige medeleerder se fisiese, geestelike en morele welsyn leed kan aandoen. Enige seksuele of onvanpaste fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein, of in enige ander plek waar hulle as leerders van die skool geïdentifiseer sou kon word, is streng verbode.

1.6. In hulle interaksie met mekaar sal opvoeders en leerders wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon en hulle sal hulle weerhou van enige handeling wat skade sou kon berokken of wat hulle fisiese, emosionele en morele welsyn leed sou kon aandoen, óf van enige optrede wat nie met hierdie Gedragskode akkoord gaan nie. Enige seksuele of onvanpaste fisiese kontak of interaksie van enige aard tussen opvoeders en leerders is streng verbode.

1.7. Die skool, sy hoofkampus, die Markötter-sportkompleks en enige ander standplaas wat vir enige skoolfunksie of -byeenkoms gebruik word is ’n dwelm-, alkohol- en wapenvrye gebied. Gevaarlike voorwerpe is ook streng verbode.

1.8. Geen leerder word toegelaat om die skoolterrein tydens skoolure, insluitende pouses, te verlaat nie, tensy hy in besit is van ’n brief van ’n ouer of ’n voog waarin daar versoek word dat die leerder om regmatige redes die skoolterrein mag verlaat, óf tensy die rektor/adjunkrektor/graadhoof verlof toegestaan het. ’n Verlofbrief moet ook by Kamer 14 aangevra word voordat die skoolterrein tydens skoolure verlaat mag word.

1.9. Die rektor of sy afgevaardigde mag enige leerder, of die eiendom van enige leerder, deursoek vir enige gevaarlike voorwerpe, sterk drank (alkohol) of onwettige dwelms, indien die rektor redelikerwys die teenwoordigheid van ’n gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelms op die skoolterrein of tydens ’n skoolaktiwiteit vermoed.

1.10. Enige optrede wat onredelikerwys die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool ondermyn, sal beskou word as ’n skending van hierdie Gedragskode.

1.11. ’n Skuldigbevinding aan ’n kriminele oortreding in ’n geregshof sal beskou word as ’n skending van hierdie Gedragskode.

1.12. Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sal gedefinieer en gehanteer word in ooreenstemming met die Skolewet en met regulasies ten opsigte van dissipline, skorsing en uitsetting van leerders by openbare Skole in die Wes-Kaap, volgens die Buitengewone Provinsiale Koerant 6939 van 15 Desember 2011, soos

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

gewysig, en gelees tesame met die skool se dissiplinêre beleide. Indien daar teenstrydigheid sou wees tussen die Skolewet of tussen die Regulasies en die skool se dissiplinêre beleide, sal die Skolewet en die Regulasies geldend wees.

2. KLASREËLS

2.1. Klasreëls sal geformuleer word deur die rektor, die opvoeders en die VRL, wat die voorstelle van leerders aan die skool, soos deur die VRL gekommunikeer, sal oorweeg ten tyde van die goedkeuring van hierdie Gedragskode.

2.2. Hierdie reëls moet in ooreenstemming wees met die algemene reëls soos hierbo uiteengesit, sowel as in ooreenstemming met die Kode van Regte en Pligte.

2.3. Na formulering moet die reëls:

2.3.1. skriftelik aan die rektor en aan die beheerliggaam voorgelê word;
2.3.2. in ’n leesbare formaat en op ’n prominente plek in die klaskamer vertoon word;
2.3.3. aan elke leerder en aan hulle ouers beskikbaar gestel word.

2.4. Die terme soos uiteengesit in 2.1, 2.2 en 2.3 is ook van toepassing op wysigings aan en toevoegings tot die klasreëls.

2.5. Die rektor mag:

2.5.1. die klasreëls aanvul of wysig indien nodig vir deeglike en professionele bestuur;
2.5.2. in oorleg met opvoeders en met die betrokkenheid van leerders deur die Verteenwoordigende Raad van Leerders klasreëls formuleer vir insluiting by die dissiplinêre kode.

2.6. Leerders moet hulle streng en volledig by die klasreëls hou, asook by enige legitieme verbale opdragte van opvoeders, akademiese, sport- of kultuurpersoneellede en/of enige uitvoerende personeellid, en wat redelikerwys nodig is om uitvoering te gee aan die Dissiplinêre Beleid en/of wat redelikerwys nodig is vir die behoorlike professionele bestuur van die skool.

2.7. Reëls vir gedrag in die klas word oorgelaat aan die goeddunke van die individuele opvoeder, maar moenie teenstrydig wees met die skool se algemene waardes en beginsels nie.

3. REËLS TEN OPSIGTE VAN SKOOLDRAG EN VOORKOMS

3.1 <u>Amptelike skooldrag</u>

Die volgende kledingstukke word voorgeskryf vir saalbyeenkomste, enige amptelike verteenwoordiging van die skool, byvoorbeeld sportbyeenkomste en buitemuurse aktiwiteite, óf soos die rektor besluit:

3.1.1. Die maroen skoolbaadjie;

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

3.1.2. ’n wit lang- of kortmouskoolhemp wat tot by die keel toeknoop;
3.1.3. die skooldas;
3.1.4. ’n grys kort- of langbroek (geen noupypbroeke word toegelaat nie);
3.1.5. ’n (moulose) maroen oortrektrui of ’n maroen langmouskooltrui of geen trui nie;
3.1.6. ’n swart of ’n grys belt;
3.1.7. grys sokkies by ’n langbroek; by ’n kortbroek, die amptelike grys sokkies met skoolkleure;
3.1.8. swart rondeneus-toerygskoolskoene (geen stewels of halfstewels of “vellies” of aanglipskoene word toegelaat nie); skoolskoene moet daagliks blinkgepoets word;
3.1.9. die amptelike serp;
3.1.10. volkleure van die skool mag op Dinsdae (tydens saalbyeenkomste) gedra word, en ook by amptelike sportbyeenkomste, behalwe wanneer die skool as geheel ’n groep toeskouers is, wanneer slegs die maroen skoolbaadjie gedra mag word om uniformiteit te verseker. Wit skoolhemde moet by blou skoolbaadjies gedra word.

3.2 <u>Skooldrag (op gewone skooldae)</u>

3.2.1 Somer (1ste en 4de kwartaal)

a) ’n Grys lang- of kortmouhemp wat tot bo by die keel toeknoop;
b) die skooldas;
c) ’n grys kortbroek of langbroek (geen noupypbroeke word toegelaat nie);
d) grys sokkies by ’n langbroek; by ’n kortbroek, die amptelike grys sokkies met skoolkleure;
e) ’n swart of grys belt.
f) swart, rondeneus-toerygskoolskoene (geen stewels of halfstewels of aanglipskoene word toegelaat nie);
g) ’n langmoutrui is opsioneel (sonder die skoolbaadjie);
h) die maroen skoolbaadjie is opsioneel.

3.2.2 Winter (2de en 3de kwartaal)

a) Soos vir die somer, behalwe dat dit verpligtend is om elke dag die maroen skoolbaadjie te dra.
b) Die oortrektrui of langmoutrui mag nie sonder die maroen skoolbaadjie gedra word nie.

3.3 <u>Algemene riglyne</u>

3.3.1 Truie

a) Gewone oortruie of sportdrag mag nie by amptelike skooldrag gedra word nie.
b) Geen ander trui as die maroen trui word by die amptelike skooldrag toegelaat nie.
c) Die maroen langmoutrui mag in die somer sonder die skoolbaadjie gedra word, behalwe tydens amptelike byeenkomste (byvoorbeeld die saalbyeenkoms op Dinsdae).
d) Matriektruie mag in plaas van die maroen trui gedra word solank dit netjies lyk. Matriek-tops vervang nie die skooltrui nie en mag slegs op die laaste Vrydag van die maand gedra word, of soos ooreengekom met die rektor en die relevante graadhoof.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

3.3.2 Die maroen skoolbaadjie

Die maroen skoolbaadjie moet as ’n kledingstuk gedra word en mag nooit in die hand gedra word of oor die arm gehou of oor die skouer gegooi word nie.

3.3.3 T-hemde

’n Gewone wit T-hemp mag onder ’n hemp gedra word solank dit nie by die nek of by die moue van die hemp uitsteek nie.

3.3.4 Langbroek

a) Koordferweel- (*corduroy*) of denimlangbroeke word nie toegelaat nie;
b) noupypbroeke word nie toegelaat nie; minimum wydte by en bokant die enkel: 20 cm.

3.3.5 Sweetpakke

Die amptelike en volledige Paul Roos-sweetpak en -atletiekskoene moet gedra word wanneer leerders nie in uitstapdrag is nie, maar wel die skool verteenwoordig.

3.3.6 Baadjies

a) Slegs skoolreënbaadjies of die skool se windjekkers (*wind-breakers)* mag by amptelike skooldrag gedra word;
b) reënbaadjies mag slegs gedra word wanneer dit inderdaad reën;
c) geen ander baadjies word toegelaat nie.

3.3.7 Serpe

Slegs die amptelike skoolserp word toegelaat.

3.3.8 Skoolpette

a) Die amptelike skoolpet mag slegs saam met skooldrag by sportbyeenkomste gedra word.

3.3.9 Skooltas/skoolsak

a) Die donkerblou, versterkte PRG-skoolsak is verpligtend;
b) slegs die naam van die leerder, sy graad en die naam van die skool mag op hierdie skooltas verskyn;
c) die amptelike maroen skoolrugsak word tydens formele eksamens toegelaat.

3.3.10 Oorfone/kopfone/toestelle wat by Bluetooth inskakel

Geen leerder mag oorfone, kopfone, toestelle wat by Bluetooth inskakel, radioseintoestelle *(wireless transmission devices)* hê of gebruik wanneer hy in skooldrag is nie.

3.3.11 Sportsakke

Leerders wat die skool verteenwoordig, mag slegs die amptelike skoolsportsak gebruik.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

3.3.12 Handskoene
Handskoene mag nie by skooldrag gedra word nie.

3.4 Haarreëls

3.4.1 As die kop en skouers regop gehou word, mag die langste deel van die kapsel aan die agterkant van die kop nie aan die kraag raak nie.
3.4.2 Die haarlyn moet geleidelik na die nek toe versmal; ’n inkeping in die haarlyn in die hare is aanvaarbaar, maar die sogenaamde *mushroom*-, *mullet*- of *mohawk*-kapsels word nie toegelaat nie. Die kapsel se haarlyn moet die natuurlike kurwe van die kop volg.
3.4.3 Die hare langs en agter die kop moet dieselfde lengte wees.
3.4.4 As die hare reguit af gekam word, mag dit nie tot by die ore kom nie.
3.4.5 Bakkebaard *(sideburns)* mag nie verby die oorholte strek nie.
3.4.6 Leerders moet skoongeskeer wees.
3.4.7 As die kuif vorentoe gekam word, mag dit nie tot by die wenkbroue strek nie.
3.4.8 Hare mag nie gekleur word nie. Haarjel of haarskuim *(mousse)* mag gebruik word om weerbarstige hare onder beheer te hou.
3.4.9 Indien die hare borselkop geskeer is, is die volgende minimum voorwaardes van toepassing: nr. 1-kam vir matrieks en nr. 2 vir die res van die skool.
3.4.10 Hare mag nie gevleg word nie.
3.4.11 Uitheemse, boheemse of vreemdsoortige haarstyle is onaanvaarbaar.
3.4.12 Die algemene indruk moet netjies wees en die kapsel moenie onnodige aandag trek nie

3.5 Tattoeëermerke, juwele en perforasies *(Piercings)*

3.5.1 Geen oorringe, juwele, bykomstighede, gekleurde kontaklense of sigbare tattoeëermerke word toegelaat nie.
3.5.2 Slegs ’n mediese armband en/of polshorlosie mag tydens die skooldag gedra word, wanneer die leerder in skooldrag is en/of terwyl die leerder die skool by ’n ander skool of enige ander plek verteenwoordig.
3.5.3 ’n Leerder met sigbare tattoëermerke moet sodanige sigbare tattoëermerke tydens skoolure op ’n geskikte en fatsoenlike manier bedek, en ook terwyl die leerder in skooldrag is en/of die skool by ’n ander skool of plek verteenwoordig.

3.6 Naels en grimering

3.6.1 Vingernaels moet te alle tye kortgeknip en skoon wees.
3.6.2 Naellak word nie toegelaat nie.
3.6.3 Leerders se gesigte moet skoon wees en sonder grimering.

4. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

4.1 Die skool se amptelike Sportbeleid word as ’n addendum by hierdie Gedragskode aangeheg.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

4.2 Daar word van alle leerders verwag om dwarsdeur die jaar deel te neem aan minstens een winter- en een somersport, en/of om aktief betrokke te wees by ’n kultuuraktiwiteit. Leerders sal in spesiale omstandighede vrygestel word van sodanige deelname/betrokkenheid en dan ook slegs met geskrewe toestemming van die hoof van sport/kultuur.

4.3 Leerders wat deelneem aan sport en buitemuurse aktiwiteite

4.3.1 en wat gekies is om die skool as deelnemers aan enige sport of ander buitemuurse aktiwiteite te verteenwoordig, moet geklee wees in die amptelike sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag soos bepaal deur die opvoeder verantwoordelik vir die betrokke aktiwiteit, tydens sowel as ná deelname aan sodanige aktiwiteit;

4.3.2 moet lojaliteit aan die skool en mededeelnemers toon; in die besonder moet deelnemers stiptelik aanmeld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind, óf by die plek van waar deelnemers na die aktiwiteit vertrek; leerders wat gekies is om die skool in ’n aktiwiteit te verteenwoordig en wat afwesig is van die betrokke aktiwiteit, sal slegs verskoon word indien ’n geskrewe verduideliking reeds vooraf aan die hoof van sport, akademie of kultuur oorhandig is.

4.4 Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor en hulle hou by die riglyne, voorskrifte en opdragte van:

4.4.1 die hoof van sport en die opvoeder betrokke by die relevante sportkode;
4.4.2 die skeidsregter of beoordelaar wat betrokke is by die aktiwiteit; en
4.4.3 die spankaptein.

4.5 Hoewel daar veronderstel word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en toewyding sal doen, word daar ook van sodanige leerders verwag om met selfbeheersing en selfdissipline op te tree; in die besonder mag geen leerder hom aan swak sportmanskap skuldig maak, aanstootlike of kwetsende taal gebruik, handgemeen raak of betrokke raak by insidente, vuilspel of ontoelaatbare spel nie.

4.6 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, afgesien van die verpligting om te voldoen aan die voorwaardes van hierdie Gedragskode, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, rebelse, onnodig uitdagende of onvanpaste gedrag. Leerders mag veral nie negatief reageer op die besluite van beoordelaars of skeidsregters nie. Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal alle opdragte en riglyne nakom en gehoorsaam wat voor, tydens en na die betrokke aktiwiteit aan hulle gegee word deur die rektor, enige opvoeder, lid van die leerlingraad/verteenwoordigende raad van leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat deur die rektor aangewys is om te help met die vervoer, toesig of beheer van leerders wat na en van die betrokke aktiwiteit vervoer moet word, of wat die aktiwiteit bywoon.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

4.7 Insgelyks is bogenoemde reëls van toepassing op enige deelname aan enige buitemuurse aktiwiteit buiten sportaktiwiteite, behalwe in gevalle waarop die reëls uiteraard geen betrekking het nie.

5. SKOOLEIENDOM

5.1 "Skooleiendom" sluit die volgende in:

5.1.1 die terrein en geboue (onroerende eiendom) in besit van die skool, sowel as alle permanent toevoegings tot sodanige geboue en die terrein;

5.1.2 alle ander roerende eiendom, ingeslote toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie, ensovoorts wat in besit is van, gehuur of gestoor word deur die skool, waarvoor die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word indien sodanige eiendom beskadig word of verlore gaan.

5.2 Alle skooleiendom wat aan die sorg en beheer van 'n leerder toevertrou word, moet op die aangewese tyd terugbesorg word (soos bepaal en versoek deur die beheerliggaam, die rektor of 'n opvoeder van die skool) in dieselfde toestand as waarin dit aan die leerder toevertrou is, uitsluitend redelike gebruik en slytasie.

5.3 Geen leerder sal met opset of nalatig enige skooleiendom verniel, beskadig, verwoes of verloor nie.

5.4 Geen leerder mag enige skooleiendom vanaf die skoolterrein verwyder sonder vooraf toestemming van die rektor of 'n opvoeder van die skool nie.

5.5 Leerders mag geen eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, verniel, skend of verwoes nie. Hierdie reël is van toepassing op eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek waar enige skoolaktiwiteit plaasvind, sowel as op enige voertuig waarmee leerders vervoer word, sowel as die eiendom wat daarin bevat word.

5.6 Leerders en ouers moet kennis neem van die terme en voorwaardes ten opsigte van skooleiendom, soos uiteengesit in die Kode van Regte en Pligte.

5.7 Enige leerder wat met opset enige skooleiendom misbruik, beskadig of verniel, sal sodanige eiendom vervang of daarvoor betaal. Vernietiging van en/of beskadiging van eiendom is 'n kriminele oortreding.

6. PERSOONLIKE BESITTINGS EN WAARDEVOLLE ITEMS

6.1 Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir diefstal of skade aan persoonlike besittings of waardevolle items op die skoolperseel of vir items wat ten tyde van skooluitstappies of skoolaktiwiteite van die perseel verwyder word nie. Sodanige persoonlike besittings en/of waardevolle items sal insluit, maar is nie beperk nie tot,

selfone, elektroniese toestelle, sakke, boeke, fietse, sporttoerusting en skool- of sportdrag.

6.2 Leerders moet liewer nie elektroniese toestelle, groot bedrae kontant of waardevolle items skool toe bring nie.

6.3 Elektroniese toestelle (ingeslote maar nie beperk tot selfone, skootrekenaars, tablette en elektroniese leestoestelle nie) mag slegs op die skoolperseel wees of tydens skooluitstappies en skoolaktiwiteite van die perseel weggeneem word, en gebruik word in ooreenstemming met hierdie Gedragskode.

6.4 Indien ’n ouer versoek dat sy/haar seun ’n betaling namens hom/haar doen, is die dra van kontant op eie risiko.

6.5 Reëlings moet met die betrokke afrigter of skoolverteenwoordiger getref word vir die veilige bewaring van persoonlike besittings en/of waardevolle items tydens skoolaktiwiteite.

7. DIE VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS, PAUL ROOS SE DISSIPLINÊRE RAAD EN DIE LEERLINGRAAD

7.1 Die rektor mag, in oorleg met die leerlingraad/VRL, ’n erekode vir die Leerlingraad/VRL en die PRD formuleer.

7.2 Sodra sodanige erekode deur die leerlingraad/VRL/PRD goedgekeur is, sal dit beskou word as deel van hierdie Gedragskode en ’n afskrif daarvan sal voorsien word aan elke lid van die Leerlingraad/VRL, sowel as aan hulle ouers.

7.3 Alle leerders sal enige redelike en legitieme opdrag van ’n lid van die VRL, PRD, die leerlingraad of enige ander skoolleier gehoorsaam, en sal die VRL, PRD, die leerlingraad en ander skoolleiers ondersteun en met hulle saamwerk in die behoorlike uitvoering van hulle pligte.

7.4 Die rektor, in oorleg met die personeel, leerlingraad, VRL, PRD en beheerliggaam, sal ’n lys pligte vir die leerlingraad/VRL saamstel, wat aan alle lede van die leerlingraad en die VRL en hulle ouers gekommunikeer sal word, sowel as aan alle ander leerders.

8. SKOOLKENNISGEWINGS

8.1 Skoolkennisgewings word elektronies per e-pos, die D6-toepassing en/of op massagraadgroepe versprei.

8.2 Van leerders word verwag om, waar van toepassing, op die hoogte te bly van alle kennisgewings wat deur die skool versprei word, maar dit moet voor of na skool of tydens pouses gedoen word, en nie tussen of tydens klasperiodes nie.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

9. SKOOLWERK en HUISWERK

9.1 Daar sal te alle tye ’n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie die onderrig ontwrig nie.

9.2 Leerders moet klasopdragte stiptelik afhandel.

9.3 Alle leerders moet ’n huiswerkboek/elektroniese dagboek aanhou, soos deur die rektor of opvoeder versoek.

9.4 Leerders moet huiswerkopdragte afhandel en hulle betyds en teen die aangewese sperdatum by die betrokke opvoeder inlewer. Indien die leerder versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal hy verskoon word slegs as die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het ’n geskrewe nota van sy ouers aan die opvoeder inlewer, met ’n aanvaarbare verduideliking vir die misstap.

9.5 Alle leerders moet hulle voorgeskrewe huiswerk betyds, noukeurig en met toewyding afhandel, om sodoende ’n konsekwente werketiek te handhaaf. Indien ’n leerder versuim om sonder ’n aanvaarbare verskoning aan hierdie reël te voldoen, sal dit as ’n oortreding beskou word.

9.6 Leerders is verplig om so gou as moontlik enige werk wat hulle misgeloop het in te haal. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om vas te stel watter werk hy in die geval van afwesigheid misgeloop het.

9.7 Leerders sal flink en in enkelgelid van die een klas na die volgende beweeg terwyl hulle in die gange links hou. Leerders mag nie laat kom vir die volgende klas as hulle die badkamer tussen periodes besoek het nie.

10. TOETSE, EKSAMENS EN FORMELE ASSESSERINGS

10.1 Die doel van toetse, eksamens en formele assesserings is om leerders se kennis en begrip van ’n spesifieke afdeling van die skoolwerk te toets.

10.2 Enige afwesigheid van ’n formele eksamen, toets of assessering moet ondersteun word deur ’n brief van ’n mediese dokter.

10.3 Toetse en eksamens soos vereis deur opvoeders is verpligtend vir alle leerders, behalwe in gevalle waar ’n geldige mediese sertifikaat ingelewer word en/of as die ouers van die betrokke leerder die hoof van akademie so spoedig as moontlik voorsien van ’n volledige en aanvaarbare geskrewe verduideliking.

10.4 Leerders sal hulle weerhou van enige vorm van oneerlikheid of ontwrigtende gedrag wanneer toetse en eksamens afgelê word.

10.5 Leerders mag op geen manier met mekaar kommunikeer of enige ontwrigting tydens toetse en eksamens veroorsaak nie.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

10.6 Leerders wat afwesig was vir ’n toets of ’n eksamen, moet sodra moontlik ’n geldige mediese sertifikaat by Kamer 14, hulle graadhoof en/of vakonderwyser inlewer. Indien ’n leerder versuim om ’n mediese sertifikaat in te lewer, sal hy beskou word as afwesig sonder ’n geldige rede en die leerder sal nul kry vir die toets/eksamen. Geen toetse/eksamens sal in ’n later stadium geskryf word nie.

11. SKOOLRAPPORTE

11.1 Skoolrapporte word op die laaste dag van elke skoolkwartaal elektronies (per e-pos) aan ouers gestuur. Ouers kan ’n hardekopié-afskrif van hulle kind se skoolrapport by Kamer 14 aanvra.

11.2 Dit is die verantwoordelikheid van elke ouer om die skool in kennis stel van enige verandering in kontakbesonderhede, ingeslote e-posadres en woonadres.

12. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE

12.1 ’n Matriekleerder mag ’n motorvoertuig na die skoolterrein bring en op ’n aangewese standplaas parkeer, maar slegs met die vooraf geskrewe toestemming van die graadhoof of die assistent-graadhoof, en op voorwaarde dat sodanige leerder hom streng hou by alle voorwaardes gestel, tesame met die reeds vermelde toestemming. Indien ’n leerder nie in besit is van die nodige toestemming wanneer dit deur enige lid van die personeel, beheerliggaam, VRL, Leerlingraad of ’n skoolleier aangevra word nie, sal daar aanvaar word dat hy nie die nodige toestemming het nie, tensy en totdat dit andersins bewys word.

12.2 Spesifieke areas word voorsien vir die parkering van motorvoertuie en motorfietse en daardie areas moet deur leerders gebruik word.

12.3 Die bestuur van ’n motorvoertuig of ’n motorfiets deur ’n leerder op ’n manier wat ’n risiko of moontlike skade of beserings kan veroorsaak aan ander leerders op die skoolterrein, óf aan ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein, is streng verbode.

12.4 Leerders mag ’n voertuig op die skoolterrein bestuur op voorwaarde dat die leerder in besit is van ’n geldige lisensie om sodanige voertuig te bestuur én op voorwaarde dat dit met die grootste versigtigheid gedoen word. Leerders sal hulle op en in die omgewing van die skoolterrein by algemeen geldende verkeersreëls hou. Roekelose gedrag is verbode.

12.5 Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en in die omgewing van die skoolterrein geparkeer. Verlof word aan matrieks toegestaan om hulle voertuie op die perseel te parkeer nadat hulle by die graadhoof of assistent-graadhoof om ’n skyfie aansoek gedoen het.

13. KOSHUISREËLS

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

Die amptelike Koshuisreëls, tesame met die toepaslike regulasies, statute en beleidsdokumente wat as riglyne vir die skoolkoshuis dien, word as ’n addendum by hierdie Gedragskode aangeheg.

14. STIPTELIKHEID

Leerders wat laat kom, veroorsaak ontwrigting van onderrig en ander skoolaktiwiteite; dit is dus dringend noodsaaklik dat leerders op die aangewese tyd aan die begin van die skooldag en die aan die begin van enige ander skoolaktiwiteit arriveer. Wanneer leerders laat kom, moet ’n geskrewe verduideliking van hulle ouers verskaf word. Leerders wat laat kom, moet eers by Kamer 14 aanmeld voordat hulle na hulle spesifieke klas gaan.

15. AFWESIGHEID VAN SKOOL

15.1 Behalwe in gevalle waar mediese redes verg dat leerders afwesig moet wees van skoolbywoning, mag leerders slegs in buitengewone gevalle afwesig wees, en dan ook slegs met die geskrewe toestemming van die rektor, óf van sy verteenwoordiger indien die rektor self nie beskikbaar is nie.

15.2 Wanneer enige leerder afwesig is van skoolbywoning sonder ’n aanvaarbare verskoning, sal dit beskou word as stokkiesdraai, wat streng verbode is.

15.3 Leerders wat vir een tot drie opeenvolgende dae van die skool afwesig is, moet, sodra hulle weer by die skool is, ’n geskrewe verduideliking van hulle ouers indien. Afwesigheid vir meer as drie opeenvolgende dae sal verskoon word slegs indien ’n sertifikaat van ’n geregistreerde mediese praktisyn ingedien word, behalwe in die geval van sterfte of trauma in die leerder se familie, of om ’n ander rede, soos deur die rektor aanvaar en goedgekeur.

16. OMGEWING

16.1 Leerders het die reg op ’n veilige omgewing en op ’n skoolatmosfeer wat bevorderlik is vir leer en onderrig.

16.2 Leerders mag nie rommel op die skoolterrein of in die skoolgeboue strooi nie.

16.3 Daar word van leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, verwag om die terrein wat hulle beset het in ’n netjiese en skoon toestand agter te laat, en om seker te maak dat alle rommel opgetel word en in vullisdromme geplaas word.

16.4 Leerders moet ruskamers in ’n skoon toestand agterlaat.

16.5 Enige optrede deur leerders, óf gebrek aan optrede, wat ’n gesondheidsrisiko vir ander leerders inhou of sou kon inhou, moet vermy word.

16.6 Leerders mag nie afvoerpype of toilette met papier of ander voorwerpe blokkeer of verstop nie en krane mag nie oopgelos word nie.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

16.7 Die aanbring van slagspreuke *(graffiti),* kleefkaartjies (*stickers)*, plakkate ensovoorts teen of op enige oppervlak by die skool is streng verbode tensy dit met die rektor se toestemming gedoen word.

16.8 Leerders sal gehoor gee aan enige redelike opdrag van die rektor, en van enige opvoeder, VRL-lid of ’n ander skoolleier met betrekking tot ’n skoon en higiëniese skoolomgewing.

17. SELFONE/ELEKTRONIESE TOESTELLE, SOSIALE MEDIA EN SOSIALE NETWERKGEBRUIK

17.1 Die skool se amptelike beleid ten opsigte van selfone/elektroniese toestelle, sosiale media en sosiale netwerkgebruik word as ’n addendum by hierdie Gedragskode aangeheg.

17.2 Wanneer selfone/elektroniese toestelle skool toe gebring word, is die volgende van toepassing:

17.2.1 Selfone/elektroniese toestelle mag slegs tydens akademiese periodes vir opvoedkundige doeleindes gebruik word, óf tydens die bywoning van skoolgeleenthede en met die uitdruklike verlof en onder die toesig van die opvoeder in beheer tydens daardie periode, sportbyeenkoms of kultuurgeleentheid.

17.2.2 Tensy met uitdruklike verlof mag elektroniese toestelle (ingeslote maar nie beperk tot selfone, oorfone, skootrekenaars en tablette nie) nie tydens akademiese periodes, in die gange of tydens skoolaktiwiteite gebruik word nie.

17.3 Indien ’n leerder ’n toestel sonder die opvoeder se verlof gebruik, sal die toestel (selfoon en SIM-kaart) in beslag geneem word en op ’n veilige plek toegesluit en bewaar word vir ’n tydperk van EEN week, waarna die leerder dit dan weer mag afhaal. ’n Bewys van sal aan hom uitgereik word.

17.4 Indien die leerder die oortreding herhaal deur weer sonder die opvoeder se verlof die toestel te gebruik, sal die toestel (selfoon en SIM-kaart) weer in beslag geneem word en op ’n veilige plek toegesluit en bewaar word vir ’n tydperk van EEN week, én die leerder sal detensie kry. Verdere herhaling van hierdie oortreding kan uitloop op dissiplinêre aksie deur die skool in terme van die dissiplinêre beleid.

18. BOELIEGEDRAG

Die amptelike beleid van die skool ten opsigte van boeliegedrag word as ’n addendum by hierdie Gedragskode aangeheg.

19. DWELMS

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

Die amptelike beleid van die skool ten opsigte van dwelms word as ’n addendum by hierdie Gedragskode aangeheg.

20. SPORTBELEID

Die amptelike sportbeleid van die skool word as ’n addendum by hierdie gedragskode aangeheg.

21. BELEID TEN OPSIGTE VAN PLAGIAAT

Die amptelike beleid van die skool ten opsigte van plagiaat word as ’n addendum by hierdie Gedragskode aangeheg.

5. DEEL VYF – VRYSTELLING VAN VOORWAARDES VAN DIE GEDRAGSKODE

5.1 Leerders mag ’n geskrewe aansoek aan die beheerliggaam indien om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer items in die Dissiplinêre Beleid vervat, gebaseer op kulturele, godsdienstige of mediese gronde.

5.2 Sodanige aansoek moet volledige redes sowel as ondersteunende bewysmateriaal insluit.

5.3 Dus berus die onus by die leerder om die aansoek om vrystelling met bewyse te ondersteun.

5.4 Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van die skooljaar oorweeg word, tensy die aansoeker bewys kan lewer dat die aangeleentheid dringend is, óf dat dit deur ’n verandering in omstandighede genoodsaak word.

5.5 Tydens oorweging van ’n aansoek om vrystelling, is die beheerliggaam daarop geregtig om alle inligting in te win wat die liggaam as noodsaaklik ag vir ’n regverdige assessering van die aansoek.

5.6 Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling oorweeg binne die raamwerk van die Grondwet en van hofuitsprake, en sal die leerder skriftelik van sy besluit in kennis stel.

5.7 Akkommodasie van Godsdienstige of Kultuurregte

5.7.1 Godsdienstige praktyke, optrede of verpligtinge wat verband hou met die kernwaardes en oortuiginge van ’n erkende geloof en wat teenstrydig is met enige reël in hierdie Gedragskode vervat, sal geakkommodeer word deur ’n afwyking van hierdie Gedragskode deur die beheerliggaam, en wel onder die volgende voorwaardes:

5.7.1.1 Die leerder, bygestaan deur ’n ouer/voog, moet aansoek doen om ’n afwyking van die standaard skoolreëls, indien sodanige reëls teenstrydig is met of inbreuk maak op enige godsdienstige reg van die leerder.

5.7.1.2 Hierdie aansoek moet skriftelik wees en moet die spesifieke reël/s identifiseer wat aanstoot gee ten opsigte van die leerder se godsdienstige reg/regte soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

5.7.1.3 Hierdie aansoek moet insluit ’n redelike interpretasie van die godsdienstige regte wat volgens die leerder geaffronteer word, asook ’n voorstel ten opsigte van hoe die reëls deur die beheerliggaam aangevul kan word om sodanige godsdienstige regte te akkommodeer.

5.7.1.4 Die leerder moet bewys lewer dat hy die spesifieke geloof aanhang en dat die godsdienstige praktyke, reëls en verpligtinge wat teenstrydig is met die skool se Gedragskode wél sy ware oortuiginge en verpligtinge verteenwoordig.

5.7.1.5 Die godsdienstige praktyk moet wettig wees.

5.7.1.6 Die beheerliggaam moet die aansoek oorweeg en, indien die liggaam tevrede is dat die aansoek geregverdig is in terme van Grondwetlike beginsels, sal die aansoek skriftelik toegestaan word.

5.7.1.7 Wanneer die beheerliggaam voorsiening maak vir afwykings van die standaard reëls, moet sodanige afwykings gebaseer wees op godsdienstige kernoortuiginge inherent aan die geloof, en dit moet verpligtend wees vir die leerder om aan sodanige oortuiginge te voldoen.

5.7.1.8 Die afwyking moet die omvang van die vrystelling van die standaard reëls spesifiseer en moet die optrede wat toegelaat word duidelik identifiseer.

5.7.1.9 Kultuurregte sal oorweeg word wanneer hulle nie verband hou met ’n geloof nie, en wel indien sodanige kultuurregte manifesteer in optrede van ’n permanente aard wat verpligtend is vir die kultuurgroep. Hier word verwys na gevalle waar die verwydering van kultuurverbonde juwele of ’n merk op die liggaam aansienlike pyn vir die leerder sal veroorsaak. Gewoonlik word kultuurregte uitgeoefen deur merke en uitings of uitdrukkings van ’n tydelike aard en wat geregverdig is vir ’n spesifieke kultuurbyeenkoms. Die leerder moet die beheerliggaam oortuig dat sy kultuurregte slegs danksy ’n permanente intervensie beoefen kan word.

5.7.1.10 Alle aansoeke om afwykings van die Gedragskode gebaseer op kultuurregte moet skriftelik ingedien word en moet gebaseer wees op ’n proses soortgelyk aan die een soos vervat in subparagrawe 7.1 tot 7.8 hierbo.

6. DEEL SES – DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING

Die amptelike beleid van die skool ten opsigte van deursoeking en beslaglegging word as ’n addendum by hierdie Gedragskode aangeheg.

7. DEEL SEWE – KRINGTELEVIESEBELEID

7.1 Die Beleid op Geslotekringtelevisie (hierna CCTV) is daarop gemik om praktiese uitvoering te gee aan die feit dat die skool verklaar is as ’n dwelmvrye, geweldlose gebied wat vry is van gevaarlike voorwerpe, én om die welsyn van die skool se

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

personeel, leerders en besoekers te beveilig en te bewaar. Die CCTV-beleid dien verder as volg:

7.1.1 om leerders, personeel, vrywilligers, kontrakteurs, besoekers en lede van die publiek ten opsigte van hulle persoonlike veiligheid te beskerm;

7.1.2 om die skoolgeboue en toerusting, en die persoonlike eiendom van leerders, personeel, vrywilligers, kontrakteurs, besoekers en lede van die publiek te beskerm;

7.1.3 om die polisie en die gemeenskap te ondersteun in die voorkoming en die opspoor van misdaad en om bystand te verskaf in die identifisering en inhegtenisname van oortreders;

7.1.4 om die beveiliging en die integriteit van die skoolperseel te monitor;

7.1.5 om dissipline onder leerders te monitor en te handhaaf in ooreenstemming met die Gedragskode, wat beskikbaar is aan die ouers en die leerders van die skool;

7.1.6 om stelseldata vas te lê (in die vorm van opgeneemde/vasgelegde videomateriaal) vir ’n vasgestelde tydperk, om sodoende retrospektiewe hersiening moontlik te maak van enige insidente waar CCTV-data ondersoeke kan ondersteun.

7.2 Die CCTV-kameras is hoofsaaklik geïnstalleer om enige vorm van onwenslike of ongedissiplineerde optrede so ver as moontlik te beveg of te voorkom, ingeslote:

7.2.1 alle vorms van teistering van enige persoon (of persone), of sinvolle ondersoek na sodanige teistering met die doel om tydige en toepaslike optrede teen enige oortreder(s) in werking te stel;

7.2.2 enige vorm van onwenslike en/of openbare wangedrag, of sinvolle ondersoek na sodanige wangedrag met die doel om tydige en toepaslike optrede teen enige oortreder(s) in werking te stel.

7.3 Die gebruik van CCTV-beeldmateriaal het ten doel om die rektor of adjunkrektore of enige gesaghebbende of gemagtigde persoon te bemagtig om op te tree of om so spoedig as moontlik te reageer wanneer hy of sy enige vorm van ongedissiplineerde en/of onwenslike en/of teisterende gedrag waarneem of ’n klag in sodanige verband ontvang, óf in die geval van enige ander potensiële noodgevalle.

7.4 Hierdie beleid is van toepassing op alle personeellede, leerders en ouers, sowel as op besoekers aan die skool. Enige persoon wat die skoolperseel betree, stem in om hom/haar aan die beleid te onderwerp.

7.5 Die kameras sal bestuur word deur die rektor/adjunkrektore, of deur sy/haar gemagtigde benoemde, in oorleg en in samewerking met die skool se beheerliggaam (SBL).

7.6 Die rektor /adjunkrektore, of sy/haar benoemde het regstreekse beheer oor die kameras en het die reg om die stelseldata te besigtig.

7.7 Toegang tot en ondersoek van beeldmateriaal wat deur die CCTV-kameras opgeneem is, sal as volg hanteer word:

7.7.1 Onderworpe aan die voorwaardes hieronder, sal vasgelegde beeldmateriaal beskikbaar gestel word slegs aan persone of instansies wie se belange of regte regstreeks daardeur beïnvloed word of kan word.

7.7.2 Geen ander persoon of instansie, behalwe dié wat in paragraaf 7.2.1 genoem word, sal toegang of verlof verkry om die beeldmateriaal te ondersoek nie.

7.7.3 Persone of instansies mag skriftelik by die rektor, die adjunkrektore of by die voorsitter van die SBL aansoek doen om verlof om die beeldmateriaal te

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

ondersoek, welke persone of instansies (“aansoekers”) spesifiek die volgende in hulle geskrewe aansoeke (“versoeke”) moet insluit:

7.7.3.1 volledige persoonlike inligting;

7.7.3.2 ’n volledige motivering, wat bestaan uit ’n brief met ’n bondige uiteensetting van die rede(s) waarom enige vasgelegde beeldmateriaal ondersoek moet word, en daarmee saam ook ’n beskrywing van enige moontlike insident(e) ten opsigte waarvan beeldmateriaal ondersoek moet word;

7.7.3.3 watter regte of belange beskerm word;

7.7.4 Die rektor of andersins die adjunkrektore sal die genoemde versoek in oorleg met die SBL-voorsitter oorweeg of, indien die SBL-voorsitter nie beskikbaar is nie, in oorleg met die SBL-ondervoorsitter. Dit sal geskied met behoorlike inagneming van die beginsels in hierdie beleid en/of enige ander beleid wat moontlik met die versoek verband hou.

7.7.5 Indien genoemde versoek goedgekeur word, mag die aansoeker(s) aan wie sodanige verlof toegestaan word die relevante beeldmateriaal slegs tydens skoolure in die kantoor van die rektor besigtig, en slegs in die teenwoordigheid van die rektor en sodanige ander persone wat na die rektor se mening dalk belang kan hê by die prosedures, tensy die aansoeker(s) en die rektor skriftelik andersins besluit.

7.7.6 Enige persone wat toegang verkry, of wat poog om toegang tot vasgelegde beeldmateriaal in stryd met hierdie dokument te verkry, of wat enige vasgelegde beeldmateriaal publiseer of poog om dit te publiseer, of wat inmeng of peuter met die kameras sonder die kennis van die rektor of die adjunkrektore, sal hulleself daaraan blootstel om aan dissiplinêre stappe en/of aan kriminele en/of burgerlike vervolging onderwerp te word.

7.7.7 Daar sal noukeurig rekord gehou word van alle aansoeke om toegang tot beeldmateriaal wat deur die skool ontvang word.

7.7.8 Enige vasgelegde beeldmateriaal word toegelaat as bewys teen enige persoon tydens enige prosedures binne die skoolkonteks, terwyl geen bewys van geldigheid vereis word nie. Met ander woorde, enige vasgelegde beeldmateriaal sal as eg en geldig beskou word. Enige persoon wat glo dat die stelsel gebruik word vir enige ander doel as die een in terme van hierdie beleid, mag ’n amptelike klag by die rektor of by die SBL lê.

7.8 Die beeldmateriaal vasgelê deur die CCTV-kameras (“die beeldmateriaal”) en die kopiereg van enige beeldmateriaal sal te alle tye as skooleiendom beskou en gehanteer word.

7.9 Enige insident wat op beeldmateriaal deur die rektor/adjunkrektore of sy/haar gemagtigde benoemde opgemerk word, mag, na goeddunke van die rektor/adjunkrektore, of van sy/haar gemagtigde benoemde, gebruik word tydens enige ondersoek en/of dissiplinêre proses. Indien sodanige insident *prima facie* op kriminele handeling dui, mag sodanige optrede gerapporteer word aan die Suid-Afrikaanse Polisie of aan enige ander toepaslike wetstoepassingsinstansie vir moontlike verdere ondersoek.

7.10 Die kameras sal gebruik word op so ’n wyse dat die privaatheid van elke betrokke persoon so ver as moontlik gerespekteer word. Enige persoon wat glo dat die stelsel gebruik word vir enige ander doel as die een in terme van hierdie beleid, mag ’n amptelike klag by die rektor of by die SBL lê.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

5 DEEL AGT – WANGEDRAG

Indien ’n leerder hom onaanvaarbaar gedra, hom skuldig maak aan wangedrag en/of versuim om te hou by die Gedragskode, mag toepaslike dissiplinêre prosedures/maatreëls geïmplementeer word in ooreenstemming met die skool se Dissiplinêre Beleid, die Skolewet en Regulasies wat verband hou met Dissipline, Skorsing en Uitsetting van leerders by Openbare Skole in die Wes-Kaap, Buitengewone Provinsiale Koerant 6939 van 15 Desember 2011, soos gewysig.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022